# SAWA ALBATROS

# NUUSBRIEF

## DESEMBER 2017



# Uit die Burgemeester se pen



Beste Albatrossers

Die jaar het werklik vining verby gesnel en die Kersseisoen is hier. Dit was ‘n besige jaar met hoogtepunte wat ons nog lank sal onthou. Baie nuwe lede het by ons aangesluit en ons hoop hulle sal lank en gelukkige jare saam met ons kamp.

Ons AJV was ‘n baie geslaagde geleentheid wat suksesvol en baie lekker was. Ek wens die bestuur ‘n baie suksesvolle 2018 toe met nog baie geslaagde kampe vir die lede. Onthou ‘n geslaagde saamtrek is wat jy daarin sit.

Die kongres was ‘n reuse sukses en een en almal wat dit bygewoon het, het dit geniet. Baie dankie aan almal wat gehelp het om dit so ‘n reuse sukses te maak. Baie geluk aan almal wat toekennings ontvang het. Esme baie geluk met die besondere toekenning wat jy ontvang het.

Die belangrikste bate van enige streek is die lede. Aan al ons lede wil ons baie dankie se vir ‘n wonderlike jaar van lekker saam kamp en kuier. Sonder julle kan die streek nie bestaan nie.

Mag Kersfees baie geseënd wees. Rus lekker en geniet die tyd saam met julle geliefdes. Ry veilig as julle weggaan kom veilig terug. Ons sien uit na 2018 se saamtrekke.

Burgemeesters groete

Christo Snyman

# Gedagte vir die dag

*Toe Josef-hulle alles nagekom het wat die wet van die Here voorskryf, het hulle na Galilea toe teruggegaan, na hulle eie dorp, Nasaret. Die Kindjie het gegroei en sterk geword, en Hy was vol wysheid, en die genade van God was op Hom.* Lukas 2:39-40

Dit is net reg dat ons hierdie reeks oor mense wat betrokke was by die geboorte van Jesus afsluit met die Persoon waaroor alles gaan – met Jesus self.

Met die eerste oogopslag lyk dit nie of vers 40 veel sê nie – net dat Jesus gegroei en sterk geword het. Daardie paar woorde beskryf egter net hoe menslik Jesus was. Dit is een ding om te sê dat Hy gebore is soos ons almal gebore word, maar heeltemal iets anders om te bewys dat Hy soos ons regdeur sy lewe hier op aarde, volkome mens was, iemand wat soos enige ander seuntjie gegroei en sterk geword het.

Die meeste van ons verstaan dat Jesus fisies moes groei, dat Hy sterker en ouer geword het, maar ons vind die idee dat hy geestelik en verstandelik moes groei, moeilik om te begryp. God ontwikkel nie geestelik nie. En aangesien Jesus ook God was, hoe kon Hy geestelik ontwikkel? Jesus het ook in wysheid gegroei. Dit is ook 'n uitdagende gedagte. Jesus is God, en God weet alles. Hoe kon Jesus leer as Hy God was?

Jesus, alhoewel Hy die Seun van God was, was ook volkome mens. So Hy moes die Bybel leer en teologie bestudeer, Hy moes leer om gehoorsaam te wees net soos ons, Jesus was volkome mens, net soos ons, en 'n groot deel van menswees is die leerproses. Hy het geleer eet, praat, lees en skryf, en om sy ouers te gehoorsaam.

Die volkome menswees van die Seun van God is die wonderlikste en mees misterieuse waarheid in die geskiedenis van die wêreld. Jesus het 'n menslike liggaam, hart, verstand en wil gehad – en tog het dit geensins Sy goddelikheid ondermyn nie. Hy het net soos ons ontwikkel. Hy het die lewe net soos ons ervaar. Hy is in 'n wêreld vol wrede politici gebore, 'n wêreld waar mense in armoede geleef het en waar gelowige mense bespot is. Hy het volkome mens geword sodat Hy ons volkome kan red, Hy is waarlik Immanuel, God met ons.

Geseënde Kersfees vir jou en jou geliefdes.

**Gebed:** *Here, dankie dat U gekies het om as een van ons tussen ons te kom woon. Dankie vir u genade wat ons as u kinders daagliks ervaar. Amen*

# Silwerstrand

Ons het die naweek van die 24ste tot die 26ste November by Silwerstrand gekamp. Dit was ons laaste kamp van die jaar en ook ons kerskamp gewees. Ons was altesaam 32 Albatros lede, 1 Noord Boland lid en 5 gaste wat die kamp bygewoon het.



Ons het die Vrydag gearriveer en baie rustig verkeer.

Saterdagoggend het Theo Roux die boekevat waargeneem en almal het ingeteken. Elf uur het ons met die kinders se kerspartyjie begin. Hul was omtrent bederf met lekkernye en speletjies. Dit was groot pret gewees. Ek dink meeste van die grootmense het gewens hul was nog 'n kind.



Kersvader het ook 'n draai gemaak om die kinders se geskenke te kom uitdeel.



Ons het 'n kos trok gehad wat vir ons lekker Mexikaanse kos bedien het. Dit was voorwaar 'n groot bederf. Christel Sadler het gesorg vir 'n lekker "cocktail".





Ons het Saterdagaand afgeskop met ons jaarlikse "Wit Olifant", dit was weereens soos elke jaar baie pret.

Ons het ook 'n kompetisie gehou vir ons lede. Hulle moes hul woonwaens versier en die wenners het pryse ontvang.



Sondagoggend is boekevat deur Christo Snyman waargeneem. Die wenners van die woonwaens is bekend gemaak.



Die naweek se weer was fantasties, oud en jonk het in die swembad baljaar en by die supertube afgegaan. Sondag se weer was koud en nat gewees en almal het vroeg opgepak.



Die oord is baie mooi versorg, daar is baie te doen vir oud en jonk.

Die naweek was weereens ‘n groot sukses. Dankie aan almal wat dit spesiaal gemaak het.



Ons sien julle by die volgende kamp.














# Lief en Leed

## Lief

- ♥ Cor en Hermien Stofberg gaan grootouers word.
- ♥ Albatros se jongste lid Elben Venter het sopas mondig geword.

## Leed

- Schalk en Marieta Bosman gaan nog ‘n jaar toer.



# Toekennings




10 Streek saamtrekke – Stefan, Martha Kuhn & Rian, Debbie Smit



25 Algemeen saamtrekke – Theo & Corne Roux



Kampkommandant– Marike Viljoen, Liz-Maree Fester, Nicoll Hollis



Nuwe Lede – Elben Venter & Maretha Tattersall






Ledewerwing–Evert, Jolanda Smith, Cobus, Marike Viljoen, Alexander, Christa Stramrood, Leon, Liz-Maree Fester

## Jolanda Smith se Lekker Kaas en Bruin Uiesop broodjie.

1x 500g Bruismeel

1x pakkie bruin uiesop poeier

1x houertjie karringmelk

2x koppies kaas

Voorverhit jou oond op 180g

Meng al jou bestandele saam en gooi in gesmeerde broodpannetjie

Bak vir so 40 tot 60min

Sit voor met botter, kaas en konfyt



# Verjaarsdae

## Desember

| | |
|---|---|
| Davis - Rene | 2 |
| Jordaan - Stiaan | 2 |
| Jenkins - Elmar | 3 |
| Rossouw - Pieter | 3 |
| Van Niekerk - Erika | 3 |
| Tattersall - Wiehan | 4 |
| Vivier - Wilna | 7 |
| Van Niekerk - Schalk | 7 |
| Prinsloo - Reinhardt | 8 |
| Staples - Charl | 15 |
| Stadler - Christel (Knipe) | 15 |
| Brand - Pieter | 16 |
| Van Niekerk - Jané | 17 |
| Erasmus - Chanel | 19 |
| Bothma - Xander | 22 |
| Kok - Lezaan | 23 |
| De Klerk - Hester | 27 |
| Duvenhage - Estelle | 27 |
| Viljoen - Marike | 29 |

## Januarie

| | |
|---|---|
| Jacobs - Helouise | 6 |
| Van Eyk - Robyn-Leigh | 6 |
| Hugo - Georgine | 10 |
| Viljoen - Cobus | 10 |
| Theart - Dries | 11 |
| Laubscher - Leané | 11 |
| Hollis - Nicholl | 14 |
| Jacobs Jessica | 16 |
| Hugo - Francois | 17 |
| Nel - Sandra | 17 |
| Mennigke Hanro | 21 |
| Nel - Gerhard | 23 |
| Conradie - Andre | 26 |
| Snyman - Christo | 28 |
| Kuhn - Hendrik | 29 |
| Davis - Kayla | 30 |



# Kamp Gedagtes

*(Gaste van Pretoria, Gauteng) Was so bevoorreg om in jul vreugde te deel, baie dankie! ASB stel ons in kennis waar julle kamp elke maand aangesien ons nog 10mnde in die Kaap gaan toer. SMS na 083 3093 774 of cfourie56Agmail.com.* ***Chris en Charmain Fourie***

*Wat 'n heerlike kerskamp. Baie dankie vir al die harde werk. Weet nie wie dit die meeste geniet het nie – kinders of grootmense!* ***Francois & Georgine Hugo***

*Wonderlike tye, great mense, familie is nie net bloed nie. Die SAWA Albatros familie is one in a million.* ***Joos Knipe en Christel Sadler***

*Ongelooflike lekker kamp, my persoonlike eerste as 'n SAWA-nant. Hopenlik nog die eerste van baie.* ***Elben Venter***

*Wonderlike kamp, wonderlike mense vir ewig. Ons sal maar weer op dieëet gaan Maandag. Lekker eet bly lekker op die kampe. (en bier).* ***André Kotzé***

*Heerlike naweek, lekker gekuier. Theo se skaap stertjies uit die boeke. Niemand kan lam tjoppies braai soos André nie. Chané lekker saam vier potige padda geslaap. Elben Kaapse draai De Doorns om gery.* ***Erna Venter***

*Heerlik, Heerlik. Zandro het oom Theo behoorlik vas gevat…Well done seun. Dankie Erna vir Japan… "Jan braai se pap" Chané vir die mediese mensie "Switzerland se vlag" ai en die "DR" wat Theo se Geduld behoorlik beproef het. "Die lewe is so kort..elke oomblik is kosbaar". Geniet**. Theo, Corné en Chané Roux***

*A wonderful weekend seeing our camping family. Another Christmas camp with lovely cocktails and Mexican food, its going to be difficult to improve on this for next year's camp. Silwersrand – my favourite camp site.* ***Alfred & Nicholl Hollis***

*Dis baie lekker om saam met julle te kamp. Dankie vir al julle liefde en samesyn.* ***André & Riana Potgieter***

# Woonwa Wenners



1ste plek: André Kotzé en Erna Venter





2de plek: Evert en Jolanda Smith





3de plek: Wiaan en Anita Hanekom





4de plek: Marietjie Theron

# Kiekies








Liefde
Hoop
Vrede
Bless the Home with Kindness Laughter & Love
LET YOUR faith BE BIGGER THAN YOUR FEAR
Hope
Joy
Faith
AL WAT EK NODIG HET is 'n klein bietjie KOFFIE en hope vol Liefde
KOFFIE






















LEAGUE


















































RELAY JEANS





























































# Geseënde Kersfees




&

